**Vrydag 20 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 10:5-17 | Fokusgedeelte: Romeine 10:5-17 |
|---|---|

**Die evangelie: God spreek mense vry enkel en alleen omdat hulle glo! (2)**

Daar is slegs vryspraak vir hulle wat ’n ware geloof het in Jesus Christus. Maar wat beteken dit om te glo? Vanaf vers 12 lees ons dat hulle wat Hom aanroep, gered sal word. Paulus lys dan die gebeure wat nodig is vir geloof wat daartoe lei dat die Here aangeroep kan word:

- Mense sal Jesus aanroep om hulle te red slegs as hulle glo in Hom.
- Tog is geloof in Hom onmoontlik as ons Hom nie ken nie.
- Maar ons kan Hom slegs ken wanneer Hy verkondig word.
- Verkondiging kan slegs plaasvind deur iemand wat gestuur is.

Paulus gee dan die verkorte antwoord in vers 17: Die geloof kom dus deur die prediking wat ’n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.

Ons moet die waarde en verantwoordelikheid van ons geloof besef, want om te glo, is ook ’n oproep tot aksie. In die verkondiging wat tot geloof lei, het ons elkeen daarom ’n belangrike rol om te speel. Ons moet besef dat ons lewens van ons geloof moet getuig. Dit beteken dat ons met ons monde en aksies aktief ons geloof moet uitleef sodat ons mekaar kan versterk in die geloof.

Wanneer ons so ons geloof uitleef, word dit ook ons getuienis aan die ongelowige wêreld rondom ons. So kan ons die wonderbare boodskap uitdra dat God ons vryspreek slegs deur ons geloof.

*Sing: Psalm 19-1:4-7*

*Teologiese Student P Hattingh (Philip)*